

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 14, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2014 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Sal die mensdom die Bybel “uitwis”?

Indien u eerlik na die feite kyk, is die meeste van ons voorheen belydende Westerse “Christelike nasies” vinnig besig om hulle te distansieer van byna elke oorblyfsel van Bybelse moraliteit.

Nee! Ek maak nie 'n grap nie! Die min mense wat nog in die Bybel glo, behoort daardie onweerlegbare **feit** raak te sien. *God laat Hom nie bespot nie.* Wanneer u as intekenare van die *Wêreld van Môre* lees of op u TV-nuus van die voortgesette ontbinding van die tradisionele gesinseenheid hoor, wanneer u al hoe meer miljoene jong mense sien wat “saamwoon” sonder die voordeel van 'n huwelik, wanneer u al hoe meer kinders sien grootword sonder albei ouers – of miskien met *geen ouers* nie, wanneer u ons finansiële krisis selfs sien versleg, wanneer u die onbestendige weerstoestande sien, die kragtige **aardbewings** en die verskriklike naderende **siekte-epidemies**, besef dan asseblief dat ons Skepper *ons uitdruklik* teen hierdie talle rampe *gewaarsku* het. Weereens, *God laat Hom nie bespot nie!*

Die apostel Paulus het oor die sogenaamde *geleerde* en *vooraanstaande* mense van sy tyd geskryf: “Terwyl hulle voorgesê het dat hulle wys is, het hulle dwaas geword” (Romeine 1:22).

Paulus is deur die Almagtige God geïnspireer om verder te skryf: “Daarom het God

hulle oorgegee aan **skandelijke hartstogte**, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenning te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie” (verse 26-28). Nee, die opstandige vleeslike mensdom hou **nie** daarvan om God in gedagte te hou nie. Die *ware* God – *die God van die Bybel* – skyn egter Sy “lig” van Waarheid en geregtigheid op diegene wat gewillig is om na Hom te luister. Soos Jesus egter gesê het, “... die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos” (Johannes 3:19).

God het ook die apostel Paulus geïnspireer om die normale, “vleeslike denke” van die meeste mense te beskryf: “Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die *vlees bedink*, **vyandskap teen God is**; want dit *onderwerp hom nie aan die wet van God nie*, want dit kan ook nie” (Romeine 8:6-7). Let op na die “sleutel”-kwessie! Die denke van die meeste mense is in “vyandskap” met God. **Waarom?** “Want dit

onderwerp hom nie aan die wet van God nie”.

Opstand teen vryheid

Rebelse mense hou nie van 'n God wat *hulle beveel* wat om te doen nie! Dus word hulle – dalk onwetend – deur Satan die duiwel beïnvloed om in “vyandskap” te wees met hulle eie Skepper en Sy regverdige wet – wat in Sy woord beskryf word as die “... wet van vryheid” (Jakobus 2:12).

Die Almagtige God het, toe Hy met ons voorvaders gepraat het, diegene wat aan Hom ongehoorsaam is gewaarsku: “Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet” (Levitikus 26:16).

Soos ons al verskeie kere uitgewys het kan die Hebreuse woord vir “verskrikking” beslis die betekenis dra van “terreur, dus terrorisme” – die heel eerste **waarskuwingsteken** wat God op 11 September 2001 aan ons Westerse nasies gegee het! Later in dieselfde Skrifdeel sê God: “En as julle dan nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word” (verse 18-20).

Terwyl *u* almal die agteruitgang van die Amerikaners en

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Sal die mensdom die Bybel “uitwis”?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

God se meesterplan 3

Die grootste gedeelte van die mensdom het geen idee waarmee God in ons wêreld van vandag besig is nie. In die Bybel openbaar God Sy plan vir ons toekoms en die ewigheid!

Die onbekende God 8

Hoe meer u van die skepping weet, hoe meer sal u die hand van die Skepper daarin sien en begin om die God van die Bybel van nader te leer ken.

Mensehandel keer weer terug 12

Die bekende Engelse staatsman het in sy 1789-toespraak tydens die opening van 'n parlementêre debat oor slawerny, die ellende van Afrika-slawe in transito na die Amerikas beskryf.

Die slaper 14

Is u bewus van die tekens van die tye, of is u onder die miljoene mense wat steeds aan die slaap is?

U kan die Bybel verstaan! 16

God se Woord is nie vir gemakstoel-filosowe en persone wat godsdiens as stokperdjie beoefen nie, dit is 'n instrument wat u kan gebruik om u lewe te verbeter en om voor te berei vir die ewigheid!

Môre se Jeug 20

Dink voor jy ink!

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die Werke van Sy Hande 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Clareton, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

God se meesterplan

Deur Roderick C. Meredith

*Het ons Skepper 'n Meesterplan waarvolgens Hy Sy hoogste **doel** vir die ganse mensdom uitwerk? Dit wil voorkom of baie min mense bewus is van daardie doel. Dit is nogtans nie net baie sinvol nie, maar **absoluut inspirerend** wanneer u werklik begryp waarmee ons **Skepper besig is!***

Soos duisende van u *Wêreld van Môre*-intekenare sonder twyfel weet, het die oorgrote meerderheid belydende Christene baie min kennis van wat die Bybel werklik sê. Baie gerespekteerde, onafhanklike meningspeilers het jare lank reeds duidelik getoon dat die meeste kerkgangers baie selde hulle Bybels *bestudeer*. Sommige mense lees gereeld 'n toevallige Psalm of "inspirerende" gedeelte uit die Bybel. Baie minder mense *bestudeer* egter werklik die Bybel op soek na begrip van wat God se doel is, wat Sy *lewenswyse* is en wat Sy **wil** is oor hoe ons behoort te lewe.

Omdat hulle nie God se plan verstaan nie, het miljoene belydende Christene ongelukkig geen idee dat wanneer Jesus Christus na hierdie aarde terugkeer **alles** gaan *verander* nie. Eerstens – soos ons herhaaldelik in hierdie tydskrif bewys het – die uiteindelijke *beloning* vir ware Christene is **nie** "om vir ewig hemel toe te gaan" met niks om te doen nie. Wanneer Jesus Christus se wederkoms beskryf word, sê u Bybel: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die

eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Christus sal dus binnekort oor "*die koninkryke van hierdie wêreld*" regeer – **nie** bo in die hemel nie! Tweedens, Sy heiliges sal Hom bystaan in die onderwysing en heerskappy oor die nasies *hier op hierdie aarde*. Openbaring 5:9-10 stel dit só: Christus het ons **verlos** deur Sy bloed "... en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings **op die aarde** heers". Daarom sal *die hele wêreld* kort na Christus se wederkoms begin leer hoe om *God se lewenswyse* uit te leef.

Let op na wat u eie Bybel beskryf aangaande hierdie toekomstige vreugdevolle tydperk. Na die beskrywing van hoe Jerusalem tydens 'n geveg ingeneem sal word en "... die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap ...", sê die Bybel aan ons dat Christus sal uitgaan om teen die nasies te veg en "... in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg" (Sagaria 14:1-4). In vers 9 gaan die beskrywing voort: "En die HERE sal Koning wees **oor die hele aarde**" en ook in vers 16 waar die Almagtige God aan ons in Sy geïnspireerde Woord sê: "En almal wat oorbly

uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërske, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërske, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen *reën* sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie" (Sagaria 14:16-19).

My vriende, kan ons werklik glo *wat die Bybel sê*? *Dink!* Die meeste van u wat hier lees het grootgeword in die "tradisioneel" Protestantse en Katolieke kerke wat Kersfees en Paasfees vier. Nogtans word daardie dae – net soos baie ander godsdienstige feeste op kerkkalenders, nooit eers in u Bybel genoem nie!

Hoe kan dit wees? Waarom ignoreer die meeste mense vandag die sewe feeste wat God in Sy woord ingestel het en wat die Skrif aandui binnekort weer deur die hele wêreld in Christus se komende Koninkryk onderhou

sal word – 'n tyd van “wederoprigting van alle dinge” (Handelinge 3:20-21)?

Die verstommende waarheid is dat God se plan vir die mensdom geopenbaar word in die sewe jaarlikse feeste wat Hy in die Bybel aan Sy volk gegee het. **Indien** u wat hier lees **nou** gewillig is om te doen wat God sê, sal u uiteindelik “pioniers” wees in gehoorsaamheid aan u Skepper en sal u beslis onder daardie konings en priesters wees wat Christus sal bystaan om oor die hele wêreld te **heers** en om 'n hele wêreld vol *vrede*, *voorspoed* en **vreugde** tot stand te bring; dit waarna die wêreld nog altyd gesmag het, maar nog nooit in staat was om te bereik nie. God se eie kalender openbaar Sy Meesterplan vir ons wêreld, só ook vir u!

God se kalender: Sewe verpligte feeste

U vind in die Bybel dat Jesus Christus en die Apostels die godsdienstige feeste, wat in die Ou Testament beskryf is, wel *onderhou* het. Dit is **nie** “Joodse” feeste nie, maar godsdienstige onderhoudings wat aan alle mense beveel is. Ons sien in Sagaria 14 dat wanneer Christus se voete binne 'n paar jaar weer ophierdie aarde is, die *hele wêreld* die feeste verseker **sal** onderhou. Trouens, die Nuwe-Testamentiese Kerk van God het op een van hierdie feeste, naamlik Pinkster, begin (Handelinge 2:1-4).

Pinkster was **nie** bloot 'n “eenmalige gebeurtenis” nie. Later in die boek Handelinge

vertel Lukas se geïnspireerde weergawe aan ons dat Paulus op 'n ander plek Pinkster gaan onderhou het: “Want Paulus het besluit om by Éfese verby te vaar, sodat hy nie in Asië tyd sou verloor nie; want hy het hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die pinksterdag in Jerusalem te wees” (Handelinge 20:16).

Vroeër in Handelinge 20 het Lukas oor sy reise saam met Paulus geskryf: “Maar **ná die dae van die ongesuurde brode** het ons van Filippi uitgeseil en binne vyf dae by hulle in Troas gekom, waar ons sewe dae deurgebring het” (Handelinge 20:6). Paulus en sy metgeselle het dus die “dae van ongesuurde brood” in 'n *heidense* stad onderhou – net soos hulle **al** God se heilige dae regdeur die boek van Handelinge werklik onderhou het.

Interessant genoeg, Paulus, die apostel vir die heidene, het in die heidense stad Korinthe, die Christelike gemeentedeel beveil: “Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuur is – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. **Laat ons dan feesvier**, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Korinthiërs 5:6-8).

Hier is dus 'n *Nuwe-Testamentiese opdrag* aan die

heidene in Korinthe: “Laat ons dan feesvier” – beslis die *fees van ongesuurde brood* wat God in die Ou Testament beveel het en wat onderhou is totdat dit en ander apostoliese gebruike *uitgeroei* is deur 'n belydende Christendom wat die feeste wat deur die Almagtige God beveel is al hoe meer met die heidense feeste vervang het. Die gerespekteerde Protestantse geskiedkundige Jesse Lyman Hurlbut het gedurende die tydperk 313 n.C. en 476 n.C. geskryf en erken: “Die gebruike en seremonies van die heidendom het geleidelik in die aanbidding ingekruip. Sommige van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met slegs 'n verandering van naam en aanbidding. Teen ongeveer 405 n.C. het beelde van heiliges en martelare in die kerke begin verskyn, eers as gedenktekens en toe in die volgorde van eerbiediging, verering en aanbidding” (*The Story of the Christian Church*, bl. 79).

Hoewel die vroeë “Christelike” leiers dus tegemoetkomend teenoor die heidene rondom hulle was, het God ons geestelike voorvaders gewaarsku teen die aanleer van die gewoontes van die omliggende heidennasies, deur te sê: “... neem jou dan in ag dat jy **nie**, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy **nie** handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n

gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode” (Deuteronomium 12:30-31).

Jesus Christus het die godsdienstige leiers van Sy dag gewaarsku: “Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou” (Markus 7:9). Let noukeurig op Jesus se opmerking aangaande die verwering van die gebod van God deur **mensgemaakte tradisie** na te volg. Dit is beslis die geval wanneer ons dink aan watter dae God heilig maak het. Feitlik niemand vier die dae wat deur die heidene ingebring is **en** ook die Bybelse heilige dae wat God beveel en wat Christus en die Apostoliese Kerk onderhou het nie – dae wat, wanneer dit onderhou word, sal verstaan word en Sy “Meesterplan” vir die mensdom openbaar.

In werklikheid behoort u te **kies**. Selfs in die middel van die Middellandse See in onstuimige weer, het die apostel Paulus **gekies** om die Versoendag te onderhou (Handelinge 27:9). Baie Protestantse kommentare erken dat “die vas” waarvan hier gepraat word, die Versoendag moes wees wat deur God in die Ou Testament beveel is. Paulus was **nie** in enige sinagoge nie. Hy was uit op die see op 'n Romeinse tronkskip, met hoofsaaklik heidene rondom hom. Soos ons **almal** behoort te doen, het hy *Christus* se *voorbeeld* gevolg deur die heilige dae wat God heilig

gemaak het heilig te hou.

In 1 Korinthiërs 11:23-26 sê Paulus aan ons hoe om die **Pasgadiens** te hou. Weereens, die “Pasga” is een van God se sewe jaarlikse feeste wat Hy Sy mense beveel het om vir ewig te onderhou.

In Johannes 7 word aan ons vertel hoe Jesus Christus – wat ons **voorbeeld** is – “... in die geheim” opgegaan het om die Huttefees te onderhou, selfs al het dit Sy lewe in gevaar gestel! Vroeër het Hy Sy broers beveel: “Gaan julle op na hierdie fees. Ek gaan nog nie op na hierdie fees nie, omdat my tyd nog nie daar is nie” (Johannes 7:8). Sou Jesus Sy eie broers beveel het om iets **teenstrydig** met God se wil te doen? *Natuurlik nie*. Weereens het Christus egter aan ons 'n voorbeeld gestel van wat dit beteken om 'n *ware Christen* te wees en gehoorsaam te wees aan God se wê. Jesus het dus die Huttefees **onderhou** soos ons binne 'n paar jaar sal sien wanneer die *hele wêreld* dit doen!

Regdeur die Nuwe Testament vind ons dat Jesus Christus en Sy ware volgelingen die sewe jaarlikse feeste wat deur die Almagtige God gegee is, onderhou. **Sewe**, so tussen hakies, word regdeur die Bybel gebruik as 'n getal vir voltooiing of **volmaaktheid**. Soos die meeste van u weet, val God se weeklikse Sabbat op die **sewende dag**, **nie** somer op enige dag van die week of 'n dag wat deur die mens uitgedink is nie.

Weereens, onthou dat

Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur is as die **“lig”** van die wêreld om vir ons 'n **voorbeeld** te stel. Ware Christene *sal* daardie voorbeeld *volg*. Soos die apostel Paulus die Christene van sy dag beveel het: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korinthiërs 11:1). Elkeen van ons behoort dus die *geloof* en die **moed** aan die dag te lê om die **voorbeeld** van Jesus Christus en die oorspronklike Kerk van God na te volg. Selfs al is God se feeste slegs *volledig gelys* in die Ou Testament, is dit baie duidelik dat dit beveel is as 'n **ewige instelling** vir God se ware mense en die voorbeeld van Christus en Sy ware volgelingen *toon dat dit onderhou behoort te word*.

Elke fees het 'n bepaalde betekenis

My vriende, Satan die duivel het 'n meesterlike werk verrig deur die meeste mense te **mislei** om te glo dat alles wat “Joods” is sleg is! Regdeur die Bybel is dit egter duidelik dat God Sy basiese leerstellings in vervloë eeue uitgestuur het en dit tot *op die letter* aan Sy volk Israel gegee het – maar Hy het nog nie die *volle betekenis* van wat Hy hulle aangesê het om te doen, bekend maak nie. Jesus het aan die heidense vrou wat Hy by die put van Jakob ontmoet het gesê: “Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, **want** die *saligheid is uit die Jode*. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in

Die Heilige Dae — God se Meesterplan

Is Kersfees en Paasfees die heiligste dae van die Christelike kalender? Nee! Beslis nie op die ware Christelike kalender nie! Inteendeel, Christus en Sy Apostels het die Bybelse Heilige Dae onderhou wat vandag feitlik heeltemal geïgnoreer word deur die hoofstroom Christendom.

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:22-24).

Redding het inderdaad ontstaan en kom "van die Jode" nadat God Sy basiese leerstellings deur antieke Israel gegee het en ten volle uitgelê het deur Jesus Christus en Sy Apostels. Onthou, Jesus was 'n **Jood**. *Moet nooit* in 'n "anti-Joodse" gesindheid verval nie. Dit sal u direk **uit God se Koninkryk en die ewige lewe lei!**

Een van Jesus se eerste opdragte is in Lukas 4:4 gegee: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God". Die **enigste** geskrewe "Woord

van God" wat in daardie tyd bestaan het, word die Ou Testament genoem. Dus is die basiese fundamentele leerstellings sekerlik so uiteengesit in die Ou Testament en het Jesus Christus – net soos Sy Apostels regdeur die Nuwe Testament – gereeld uit die Ou Testament aangehaal as die "Skrif".

'n Volledige "lys" van God se heilige dae en Sy feestye word in Levitikus 23 gegee. U behoort hierdie hele hoofstuk deeglik te *bestudeer* en daarop te let dat hierdie feestye verklaar is om "insettinge" te wees wat vir *ewig* onderhou behoort te word. Wanneer die Almagtige God 'n beskrywing van Christus se wederkoms en die herverassembling van Sy mense aan die begin van Christus se heer-

skappy op aarde gee, sê Hy: "Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal *maak* dat *julle in my insettinge wandel* en my verordeninge onderhou en doen" (Esegiël 36:27). God se mense sal dus geleer word om in Sy "insettinge" te wandel gedurende daardie tyd wanneer Christus in die Wêreld van Môre *op hierdie aarde* sal regeer.

Verstaan asseblief! Ons bedoel sekerlik nie om aan te dui dat elke "letter van die wet" in hierdie Ou Testamentiese gedeeltes deur Nuwe-Testamentiese Christene uitgevoer behoort te word nie! Soos Paulus dit regdeur die boek van Hebreërs baie duidelik maak dat die diere-offers, wassing en ander rituele net gegee is as 'n "tugmeester" vir 'n beperkte tyd.

“Omdat dit net bestaan het in spys en drank en verskillende wassing en vleeslike verordeninge wat opgelê is **tot** op die tyd van herstelling” (Hebreërs 9:10). Sekere offers en wassing is dus byna **elke** dag van die week gedoen. Spesiale offers was inderdaad bepaal vir God se weeklikse en jaarlikse Sabbatte. Hierdie offers is egter slegs opgelê *vir daardie tyd* – “**tot** op die tyd van herstelling”.

Die **voorbeeld** van hoe Christus en die Apostels hierdie heilige dae onderhou het, toon sekerlik dat daar **nie** met die dae self weggedoen is saam met die diere-offers nie. Die geïnspireerde opdrag in Sagaria 14 dui aan dat daar beslis met die onderhouding van God se dae **voortgegaan** sal word en uiteindelik deur **alle** mense onderhou sal word sodra Christus terugkom en die “tye van die wederoprigting van alle dinge” inderdaad aanbreek met Sy wederkoms. Soos duidelik aangedui word deur die kragtige gedeelte wat ons hierbo in Sagaria 14 gesien het, wat die insettinge van God se godsdienstige feeste beskryf, is daar **nie** op enige wyse, metode of vorm mee “weggedoen” nie. Hierdie wonderlike godsdienstige feeste beeld die manjifieke **plan** van ons Skepper uit.

Dus, laat my nou weereens 'n uiteensetting gee van 'n **oorsig** oor *al* sewe God se jaarlikse godsdienstige feeste, sodat ons Sy **Meesterplan** soos daardeur geopenbaar word, beter kan verstaan. Heel eerste

kom die plegtige onderhouding van Christus se lyding en dood ter wille van ons. Die Bybel noem dit die “Pasga”. Dit beeld ons aanvaarding van Christus se gebroke liggaam en gestorte bloed uit, wat Hy as ons Verlosser aan ons geskenk het. Onthou egter, dit is slegs die eerste stap in God se plan vir ons! Hierna behoort ons te **groei** in genade en kennis (2 Petrus 3:18) en begin om ons ou sondige weë en gewoontes heeltelmal uit ons lewens te verwyder. Hierdie proses van “oorwinning” word uitgebeeld deur die dae van ongesuurde brood. Dit is 'n fees van sewe dae wat begin met een jaarlikse heilige dag en eindig met 'n ander heilige dag.

God se meesterplan onthul dat ons in die Gees-verwekte Kerk is – die “klein kuddetjie” (Lukas 12:32) – slegs die “eersteling” van die groot geestelike oes wat sal plaasvind na Christus se wederkoms. God se derde jaarlikse fees, die fees van Pinkster of die fees van “eersteling” beeld uit dat slegs 'n baie klein geestelike oes in hierdie tyd deur God ingesamel sal word. God **probeer nie** nou om die hele wêreld te red nie. Hy *sou* dit dan alreeds **gedoen het**. Die **miljoene** ongelowiges uit vorige eeue en selfs in ons huidige tyd in China, Indië en ander nasies sou gou tot volle begrip van die ware God gekom het en van ware aanvaarding van Sy Seun as hulle Here en Verlosser!

Die sewende maand beeld

EINDtydgebure uit!

Die volgende stap in God se Meesterplan word uitgebeeld deur die fees van basuine (Levitikus 23:24). Hierdie fees beeld die ramspoedige gebeure uit aan die **einde** van hierdie huidige tydperk en met Christus se wederkoms. Basuine is letterlik in antieke Israel gebruik om alarm te maak vir oorlog. In ons tyd, tydens die hoogtepunt van 'n reeks oorloë en wêreldwye ontwrigtings, sal “**die laaste basuin** weerklink” en Jesus Christus sal terugkeer en die dooies sal opgewek word (1 Korinthiërs 15:51-52).

Na hierdie dinge sal Satan bonatuurlik deur God gebind en in die afgrond gewerp word, “sodat hy die nasies **nie meer** sou **verlei** [mislei]” nie (Openbaring 20:3). Ten slotte, met Satan gebind, kan die mens “een word” met God [*at-one-ment*]. Dit word duidelik uitgebeeld deur die *vyfde* jaarlikse fees – die Versoendag.

Na Christus se wederkoms sal God Sy Gees uitstort en die **hele mensdom** begin verlig met die ware begrip van Sy grootse plan. God beskryf daardie tyd as volg: “... die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9). Dit word uitgebeeld deur ons vreugdevolle onderhouding van die sesde jaarlikse fees in God se plan – die sewedaagse huttefees of “fees van die insameling” (Exodus 34:22).

God se kalender is gebaseer op die oes-seisoene van Israel. Dit beeld vir Christene die

Vervolg op bladsy 15

Die onbekende God

Deur Gerald Weston

Is dit moontlik dat u Hom waarlik kan ken?

Tydens Paulus se bediening in Griekeland en Macedonië het hy na die groot stad Athene gereis. Terwyl hy daar was, het hy hierdie opmerking oor die “godsdiens” atmosfeer van die samelewing gemaak: “Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdiens is. Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan 'n onbekende God. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle” (Handelinge 17:22-23).

Waarvan het Paulus gepraat? Op Mars se Heuwel – ook bekend as die Areopagus [regbank] – is 'n tempel gevind wat nie aan een van die groot Atheense gode soos Zeus of Athena gewy is nie, maar eerder aan “die Onbekende God”. Die Atheense godsdiens het die idee dat daar ander gode wat onbekend aan die Grieke was ingesluit, maar hulle het probeer om selfs die onbekende gode te paai en hulle guns te wen.

In die antieke wêreld is algemeen geglo dat daar baie gode was – gode wat oor verskeie dele van die hemele heers, soos die son of die maan. Sommige mense het gedink gode is meer plaaslik en dat hulle net mag gehad het binne 'n spesifieke land. Sommige mense het aan “die Onbekende God”

gedink as 'n plaasvervanger vir enige en alle gode wat nie aan die aanbieder bekend was nie. Ander het dit weer gesien as 'n spesifieke, maar ongeïdentifiseerde wese buite die Griekse panteon [eretempel].

Wat 'n kontras is dit nie met die Bybel se weergawe nie! Die Bybel verkondig dat die God van Israel die enigste God is en dat Hy die Skepper is – die Een wat oor alles hier op aarde en in die hemel daarbo regeer.

Ken u dus die Onbekende God – die een wat Paulus op Mars se Heuwel verkondig het?

Is u seker?

Baie godsdiens maak daarop aanspraak dat die Bybel hulle gids is. Hulle verteenwoordig egter dikwels heeltemal botsende en selfs teenstrydige idees. Kan ons dus die Bybel vertrou as die bron van beslissende waarheid? Oorweeg vir 'n oomblik die wetenskaplike alternatief. 'n Groot deel van die moderne wetenskap aanvaar dit as 'n feit dat die wêreld sonder God is. Die heelal is 'n groot en komplekse plek, maar wetenskaplikes probeer dit verduidelik en misken dat 'n Skepper nodig is. Selfs die meeste wetenskaplikes glo vandag dat daar geen ewigheid van materie is nie en dat ons heelal ongeveer 14 miljard jaar gelede tydens 'n “oerknal” ontstaan het. Die Kanadese wetenskaplike joer-

nalis en skrywer, Bob McDonald verduidelik dit so:

“Volgens die Oerknal-teorie is die heelal gebore uit 'n ondenkbare warm sop van energie, met drukings so hoog dat niks met massa daarin kon bestaan nie. Selfs kwarke, die kleinste deeltjies sover bekend, sou tot suiwer energie saamgepers gewees het ... lewers in die proses het energie in materie verander. Dit is verander in kwarke, protone, elektrone, atome, molekules, deeltjies, planete en uiteindelik die mens wat probeer om die hele ding te ontrafel. Indien die heelal nie hierdie interessante klein knoppies ontwikkel het nie, sou ons nie hier gewees het nie” (*It's not a 'god' particle*, CBC News, 16 Desember 2011).

Volgens baie wetenskaplikes het energie op die een of ander manier in materie verander en materie het in die mens verander. Waar het al daardie energie dan vandaan gekom? Wat was die oorsprong daarvan? Die wetenskap het geen verduideliking daarvoor nie. Die wetenskap

weet nog minder hoe en waarom energie, wat skynbaar nog van alle tye af teenwoordig was, tot op die punt van die oerknal gekom het.

Wanneer ons na *onsself* kyk, sien ons die wonder van ontwerp. Die menslike liggaam en verstand toon bewyse van intelligente ingenieurswerk, funksionering en beplanning. Dieselfde geld vir alle lewende dinge: Of ons nou na voëls, insekte, reptiele, visse, of soogdiere kyk, ons sien skoonheid, ontwerp en doel. Ons sien ook op hierdie planeet 'n ekosisteem wat in harmonie saamwerk om die bestaan van alle vorms van lewe moontlik te maak.

Is dit regtig so moeilik om die Hand van Intelligensie in al hierdie dinge raak te sien? Paulus het aan die Atheners bevestig dat daar 'n God agter dit alles is. “Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee” (Handelinge 17:24-25).

Is lewe so eenvoudig?

Het u al ooit gewonder waarom wetenskaplikes nie in staat is om selfs die eenvoudigste vorme van lewe te dupliseer nie? Dink daaraan. Ons word wysgemaak dat verskeie nie-lewende chemikalieë toevallig op een of ander wyse bymekaar gekom het om 'n soort oer-sop te vorm om op so 'n wyse ineen te

skakel, dat dit lewe voortbring het. Is dit egter so eenvoudig? Indien dit wel so is, waarom is wetenskaplikes nie in staat om hierdie proses te herhaal nie? Hulle weet tog uiteraard uit watter chemikalieë lewe bestaan.

Kom ons veronderstel dat hulle al die regte chemikalieë bymekaar kan voeg en dit op net die regte manier kan verbind, naastenby soos om 'n ingewikkelde legkaart te bou en veronderstel dat hulle dit alles vir 'n paar oomblikke bymekaar kan hou. Ten einde 'n lewende sel te kan skep, sal dit vir hulle nodig wees om hierdie wonderbaarlike legkaart in 'n gespesialiseerde soort sak of membraan toe te draai om dit alles bymekaar te hou. Dit word soms uitgebeeld as 'n borrel, iets wat ons in 'n poel water sal raakloop. Jammer my vriende, maar ons sal hierdie borrel moet bars. Daar is niks eenvoudigs omtrent die membraan wat 'n sel omhul nie en die idee dat dit per toeval kon gebeur, is effens beledigend vir ons intelligensie. Dink daaroor na. Vir hierdie sel om te oorleef, sal die DNA gedetailleerde instruksies moet bevat oor hoe om hierdie beskermende sellulêre wand te maak. Wat het dus eerste gekom? Die sellulêre wand wat die DNA en al die ander strukture van die sel bymekaar hou, of die DNA wat instruksies gee oor hoe om die sellulêre wand te bou?

Selfs al sou dit alles op die een of ander manier net kon gebeur het, sonder enige intelligente toesig, sou ons lewe

gehad het? Die antwoord is: Nee. U kan al die dele van die organisme in presies die regte formaat hê, maar u het nog steeds nie lewe nie, totdat iets daaraan lewe gee. Wetenskaplike skrywers bespiegel dikwels dat 'n vonk (dalk 'n weerligstraal) ons legkaart skielik lewendig geskok het. Tot dusver was die mens, met al sy intelligensie, egter nog nooit in staat om die legkaart van die begin af saam te stel nie, nog minder om dit lewendig te skok. Trouens, ons vind dit moeilik om lewe terug te gee aan organismes wat eens lewendig was. Soms, wanneer iemand ophou asemhaal, is ons in staat om hom weer by te bring, maar tensy die hart weer vinnig begin klop en die longe weer vinnig begin pomp is daar snelle agteruitgang van die selle en gaan enige hoop tot niet om die lewe te herstel.

In 'n biologie-kursus wat ek geneem het, het ons professor eendag verduidelik hoe wetenskaplikes verskeie chemikalieë gemeng en eenvoudige aminosure verkry het – die boustone van proteïene wat die boustone van lewe is. Hy het nie verduidelik dat hulle net die korrekte chemikalieë baie versigtig in 'n baie streng gekontroleerde omgewing gemeng het nie, ook nie die feit dat ons dit nêrens in die natuur so sien gebeur nie. Daarna het hy egter oor die eerste eensellige lewe begin praat. Ek vra toe: “Hoe het u te werk gegaan om van 'n paar aminosure tot 'n baie ingewikkelde, ten volle ontwikkelde en

funksionerende sel te kom?” Sy verrassende antwoord was: “Dit is die grootste gaping in evolusie, maar omdat ons hier is, weet ons die gaping is oorbrug”.

Natuurlik betwis ons nie die feit dat ons bestaan nie, maar wel die manier waarop ons ontstaan het. Hy het 'n teorie, wat hy moes erken 'n groot probleem bevat, sonder twyfel as 'n feit voorgestel. Tensy evolusie die eerste sel kan verduidelik (wat dit nie kan nie), hoe kan dit moontlik 'n verklaring hê vir al die oorblywende wonders van die lewe?

Daar is 'n bron!

Paulus, sowel as die Bybel, maak aanspraak daarop dat daar wel 'n alternatiewe verduideliking is. Daar is 'n Intelligensie aan die werk wat die heelal geskep en lewe gegee het. Dit is die God wat die Atheners nie geken het nie. Daardie Intelligensie het bowendien 'n plan vir die mens: “... want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy [na]geslag” (Handelinge 17:28).

Nageslag? Ons behoort vir 'n oomblik hieroor na te dink. Waarom het Hy die mens na Sy beeld en Sy gelykenis geskape? Wat is God se doel daarmee?

'n Suiwer materialistiese siening, ook *naturalisme* genoem, maak daarop aanspraak dat daar 'n tyd was toe slegs energie bestaan het. Waar dit vandaan kom weet niemand nie, maar hulle sê, op die een of ander manier en met verloop

van tyd, het energie so gekonsentreerd op een plek geraak (niemand weet hoe of waarom nie) dat dit uitgebars het in 'n oerknal en op 'n manier verander het van energie na materie. Hierdie materie is rondgeslinger en so is sterre, planete en 'n magdom ander hemelliggame en stelsels gevorm. Op een van hierdie planete het nie-lewende chemikalieë op een of ander manier bymekaar gekom om 'n oordadige legkaart te vorm. Dit het geen lewe gehad nie, maar voordat dit kon verweer, is dit aan die lewe geskok deur 'n onbekende soort vonk – 'n baie klein vonkie, omdat ons enkelsellige kreatuurtjie-in-wording uiters klein was.

Daarna het hierdie baie eensame enkelsellige organisme op die een of ander manier besef dit het kos nodig en waar om dit dan van nie-lewende materie te vind. Dit het geweet hoe om kos te verteer en dit het lank genoeg oorleef om op die een of ander manier te reproduseer, hoewel niemand weet hoe die kreatuurtjie geweet het hoe dit gedoen moes word en hoe dit geleer het om dit te doen nie. Dit is net gedoen, want toe die legkaart toevallig voltooi is, het dit al die nodige DNA-kodes en -strukture gehad! Met die verloop van miljoene jare het dit uiteindelik al die vorms van lewe voortgebring wat ons vandag sien.

Die alternatief tot blinde toeval wat so 'n eindproduk kan voortbring is *super-naturalisme*; met ander woorde, God. Die God wat Paulus en die Bybel

verkondig, het die mens na Sy beeld en gelykenis gemaak. Waarom?

Koning Dawid het hierdie vraag gevra: “As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel” (Psalm 8:4-7).

Dit was van die begin af God se bedoeling met die mens (Genesis 1:26). Waarom is die mens egter gemaak om te heers? Die apostel Paulus beantwoord koning Dawid se vraag: “Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie” (Hebreeërs 2:8).

Vandag sien ons dat 'n groot deel van planeet Aarde inderdaad onderworpe is aan die mens. Mense het wilde diere mak gemaak om te gebruik as lasdiere, troeteldiere en selfs as voedsel. Dit is nogtans duidelik dat die mens se huidige heerskappy baie beperk is en nie verder strek as 'n paar baie eenvoudige aspekte van fisiese lewe op ons planeet nie. Uiteindelik weet ons dat ons fisiese wesens is wat bestem is om te sterf. Waarom het God ons dus in hierdie unieke heersersposisie geplaas? Die

Bybel beantwoord hierdie vraag.

“Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word” (Romeine 8:14-17). Verder ook: “Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige” (2 Korinthiërs 6:18).

Dink na oor wat u pas gelees het: Ons word beskryf as kinders van God, erfgename van God en mede-erfgename met Christus, seuns en dogters; en God is ons Vader. Kan ons nie begin insien **waarom** ons na die beeld en gelykenis van God gemaak is nie? Terwyl ons probeer om God te verlaag tot ons beeld, volgens die versinsels van ons harte, is Hy besig om ons na Sy gelykenis te maak!

Hierdie proses bring mee dat ons ons Vader se weë leer en Sy ware karakter ontwikkel sodat ons in harmonie met Hom kan leef tot in ewigheid. Soms

bring hierdie karakterontwikkeling pyn en lyding mee. Dit is jammer, maar soms is dit die enigste manier waardeur 'n liefdevolle Skepper ons aandag kan verkry. “Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie” (Romeine 8:18).

Wat is hierdie heerlijkheid wat in ons geopenbaar sal word? Wat moontlik kan ons so opgewonde maak dat ons meer wil leer en die Skepper wil aanbid? Dit is die feit dat ons uitsien na 'n toekomstige tyd wanneer ons in 'n harmonieuse gesinsverwantskap met Hom sal wees: “Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, **naamlik** die verlossing

van ons liggaam” (Romeine 8:19-23).

Die groot ontwerp

Indien ons die produk van blinde toeval is, mag dit sin maak om vir vandag te leef en te vergeet van die toekoms. Indien God werklik is, behoort u so te leef dat u 'n toekoms in die huisgesin van God sal hê. Mense is nie geskape as blote diere om sonder hoop te leef en te sterf nie. **Ons is anders!** Geloof, hoop en doelbewuste beplanning vir die toekoms is deel van wat ons anders maak. Romeine 8 sê aan ons dat Christus slegs die eersgeborene van **baie** broers en susters is: “Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?” (Romeine 8:29, 32).

Dit is die plan van die “onbekende God” wat Paulus aan die filosowe van Athene verkondig het – die God wat vandag nog steeds in die grootste deel van die wêreld onbekend is. **WvM**

**Verwittig ons asseblief
onmiddellik van enige verandering
in u posadres.**

Londen Roep

Mensehandel keer weer terug

Deur Rod King

Die bekende Engelse staatsman, William Wilberforce, het in sy 1789-toespraak tydens die opening van 'n parlementêre debat oor slawerny, die ellende van Afrika-slawe in transito na die Amerikas beskryf. Hy het die verskriklike statistiek bekendgemaak dat 4% van die slawe aan hulle einde gekom het nog voor die seilvaart begin het. Tydens hulle reis het 12% omgekom en nog 33% het baie gou kort na hulle aankoms gesterf. Hierdie man, wie se onvermoeide pogings byna eiehandig meegebring het dat die wetgewing om slawerny in Brittanje te beëindig, het aan sy gehoor gesê: “U kan anderpad kyk, maar u sal nooit weer kan sê dat u nie geweet het nie”.

Wilberforce het die grootste deel van sy lewe daaraan gewy om hom te beywer vir die afskaffing van slawehandel en sy volharding oor die jare het sy mede-politici gedwing om die wesenlikheid van die smart en lyding van die slawe raak te sien en om nie “anderpad te kyk nie”.

In 1833 het die Parlement die Wet op die Afskaffing van Slawerny goedgekeur en aan die Koninklike Vloot is opdrag gegee om enige skip op die oop see voor te keer en te deursoek en alle slawe aan boord vry te laat. Indien daar gevind is dat lande volhard met hierdie praktyk, is hulle gestraf en baie

het waardevolle handelsooreenkomste met Brittanje verloor.

Slegs twee jaar nadat koningin Victoria die troon in 1840 bestyg het, is die heel eerste Wêreld-Teen-Slawerny Konvensie in Londen gehou. Hierdie belangrike optrede het gedien om 'n nuwe, verligte vlag van bevrydende wetgewing te stimuleer wat Brittanje geweldig sou verander. “Teen 1857 was daar vyf-en-veertig verdrae, maar dit was nie voor die 1860's dat al die groot inskepingshawens van die Atlantiese slawehandel gedek is nie” (David Eltis, *The Abolition of the Slave Trade*).

Was dit die einde van slawerny? Geensins nie.

Waar menslike gierigheid en selfsug kan floreer, sal die boosheid van menslike uitbuiting noodwendig voortduur – ongelukkig is die eeue-oue vloek van slawerny vandag nog steeds met ons.

Vroue en kinders word slawe

In 2009 het die Verenigde Nasies se Kantoor vir Dwelms en Misdaad (VNKDM) 'n verslag aangevra oor slawehandel, wat 'n vinnig groeiende moderne bedryf geword het.

Die VNKDM-opname is in 155 lande uitgevoer en het onthul dat “byna 20% van alle slagoffers in mensehandel wêreldwyd, kinders was. In

sommige dele van Afrika en die Mekong-streek [van Indochina], is kinders in die meerderheid (selfs tot 100% in Wes-Afrika)” (*UNODC, Report on Human Trafficking Exposes Modern Form of Slavery*, 12 Februarie 2009).

Aan die begin van 2013 het die Britse Minister van Binne-landse Sake, Theresa May, gesê dat om hedendaagse slawerny in die Verenigde Koninkryk te beveg, strengere sanksies ingestel sal word. *BBC News* berig: “Die aantal gevalle wat in die Verenigde Koninkryk ontdek is, het in die afgelope jaar volgens regeringsgetalle met 25% toegeneem”, (*Theresa May on tougher sanctions for slavery crimes*, 18 Oktober 2013). “'n Nuwe verslag het onthul dat 1,186 slagoffers in 2012 na die owerhede verwys is ... Die verslag het aan die lig gebring dat die grootste aantal slagoffers afkomstig is uit Nigerië, Viëtnam, Albanië, Roemenië en China” (*BBC News, Human trafficking gets life term in drive on slavery*, 18 Oktober 2013).

David Hanson, die Arbeider opposisie se skimminister van Immigrasie het die regering vir sy swak vervolgingsrekord bestraf. Hy het die feit beklemtoon dat van die 946 slagoffers wat in 2011 aangemeld is, slegs ses veroordelings teen hulle oortreders aangeteken is. Hy het

gesê: “Die regering behoort ook wakker te word vir die feit dat 60% van die ontvoerde kinders in die Verenigde Koninkryk eenvoudig net weer verdwyn nadat hulle onder die aandag van die owerhede gekom het” (*ibid.*).

Verder sluit 79% van alle mensehandel seksuele uitbuiting in. Met die koms van massa vervoermetodes kan 'n jong vrou van 'n straat in Birmingham geneem en verdoof word en 'n paar uur later in die hande van seksslaaf-eienaars in die Midde Ooste gevind word. Dit is dalk geen verrassing dat vroue en meisies die belangrikste teikens van die sekshandel is nie, maar wat wel 'n verrassing is, is dat 30% van die *smokkelaars* vroue is.

“Diensknegte” goedgekeur in die Bybel?

Sommige mense is verbaas om te leer dat God in die Ou Testament toegelaat het dat 'n sorgvuldig gereguleerde vorm van gekontrakteerde knegskap beoefen mag word. Dit behoort egter glad nie gelykgestel te word aan slawerny nie. Een van die baie belangrike verskille tussen daardie stelsel en moderne slawerny is dat die dienskneg 'n *gewillige* deelnemer was. Dit is dus nie baie anders as diegene wat deesdae verkies om by die weermag aan te sluit nie.

'n Israeliet wat 'n slaaf was, kon sewe jaar lank vir sy meester werk en dan as vryman weggaan. Indien hy egter wou, kon hy vra om permanent 'n slaaf

te wees.

“Maar as die slaaf reguit sê: Ek het my heer, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as vryman weggaan nie – dan moet sy heer hom na die owerhede bring en hom by die deur of die deurpos bring; en sy heer moet sy oor met 'n els deurboor; daarna moet hy hom vir altyd dien” (Exodus 21:5-6). Vir iemand in antieke Israel wat nie in staat was om sy of haar eie finansiële sake te bestuur nie, kon dit 'n regte en selfs welkome opsie wees.

Soos gesien kan word, kon hierdie soort welwillende vorm van knegskap eintlik dien om kwesbare mense te beskerm, hoewel dit nog steeds misbruik kon word.

Voormalige slawehandelaars word slawe?

Die Bybel voorspel 'n tyd in die nabye toekoms wanneer slawe op groot skaal as roerende eiendom aangehou sal word. In die jare net voor Jesus Christus se wederkoms as “Koning van die konings en die Here van die here”, sal die wêreld gelei word deur 'n wrede Babiloniese stelsel. Terwyl dit vernietig word, sal diegene wat voordeel getrek het uit sy korrupte en verkeerde weë “... ween en weeklaag” (Openbaring 18:9), want hulle handel sal skielik tot 'n einde kom.

Vers 11-13 sê: “En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar [Babilon], omdat niemand hulle koopware meer koop nie, koopware van goud en silwer en

edelgesteente ... en van koper en yster en marmer ... en **slawe en mensesiele**”. Ander skrifgedeeltes identifiseer wie baie van hierdie slawe sal wees.

Lesers wat die *Wêreld van Môre*-tydskrif al lank lees, verstaan dat die volke van Britse afkoms, sowel as dié van die Verenigde State en ook ander van die noordwestelike Europese lande, voortspruit uit die ou antieke volke van Israel van die Bybel. God waarsku hulle deur Sy profesieë dat hulle verkwisende en kwaadwillige lewenswyses Hom sal verplig om hulle deur nasionale ballingskap te straf. Die agent wat Hy sal gebruik om hulle gevange te neem, sal die herleefde Babiloniese stelsel wees, wat in Europa gesentreer is.

Oordink die volgende uit ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*: “Die profeet Eségiël vertel van 'n toekomstige tyd wanneer Israel herversamel sal word ná die wederkoms van die Messias in krag en heerlijkheid. 'Die nasies sal weet dat die huis van Israel vanweë hulle ongeregtheid in ballingskap gegaan het; ... Nou sal ek die lot van Jakob verander en My ontferm oor die hele huis van Israel ...” (Esegiël 39:23-25) (bl. 56).

Dit mag moeilik wees om te glo dat hierdie groot nasies wat die wêreldhandel en militêre mag oorheers het, verneder sal word tot 'n staat van wrede slawerny. Dit is egter die woorde van die Almagtige God. **WvM**

Die slaper

Deur J. Davy Crockett III

Is u bewus van die wêreld rondom u?

In die Ou-Testamentiese boek van Jona het God die teësinne profeet beveel om 'n waarskuwing te gaan oordra aan die stad Nineve, wat 'n Assiriese vesting was. Assirië was tradisioneel 'n geswore vyand van Israel. Jona was dwaas en het probeer om sy plig te ontduik deur weg te hardloop van sy verantwoordelikheid. Om weg te kom, het hy plek op 'n skip in Joppe (hedendaagse Jaffa) bespreek en sou na Tarsis vaar, heel waarskynlik geleë in hedendaagse Spanje.

Op pad daarheen het 'n groot storm opgekom en gedreig om die skip uitmekaar te breek. Vreesbevange het die ervare seevaarders begin om die vraag oorboord te gooi en hulle gode aangeroep vir uitkoms. Jona was die hele tyd onder in die ruim en vas aan die slaap. Uit desperaathed het die kaptein van die skip na onder gegaan, Jona gekonfronteer en hom aangespreek: "Wat makeer jou dat jy so vas slaap? Staand op, roep tot jou God! Miskien sal dié God aan ons dink, sodat ons nie vergaan nie" (Jona 1:6).

Jona het die erns van die situasie begryp en sy betrokkenheid daarby bely, waarna hy oorboord gegooi is in die woestee. Sommige mense mag die spot dryf met dit wat daarna gebeur het, maar – in 'n baie spesiale wonderwerk – het die

storm bedaar en God het Jona gered deur 'n groot vis te gebruik.

Die skeepskaptein se dringende oproep om wakker te word is 'n bekende tema in die Bybel. Baie mense gee eenvoudig net oor en "slaap" te midde van ooglopende gevaar of 'n dreigende ramp, eerder as om die wrede werklikheid van hulle situasie te trotseer.

Vandag woed 'n storm in ons samelewing namate die morele waardes en standarde van gedrag aanhou daal. Die grense wat reg en verkeerd, aanvaarbaar en onaanvaarbaar bepaal, het vervaag. Dit wat eens beskou is as absurde of afwykende gedrag word nou selfs bevorder as 'n "burgerlike reg". Nogtans is die meeste mense "aan die slaap", skynbaar onbewus van die geestelike en fisiese gevolge.

Baie van die vernaamste Christelike denominasies sien af van eeue se tradisies en die duidelike opdragte van die Skrif (Levitikus 18:22; Romeine 1:27) en selfs openlik praktiserende homoseksueles word in hulle bediening ingeseën. Toenemende getalle kinders word buite die huwelik gebore. Dwelmmisbruik kom wydverspreid voor en word dikwels selfs gewettig. Maklike toegang tot abortie het die moderne samelewing in so 'n mate verander dat ons grootgrootouers uiters geskok en beledig sou gevoel het.

Dit lyk tog of baie mense onbewus is daarvan en voortgaan met hulle daaglikse lewens sonder die inagneming van die geestelike implikasie van hierdie toestande. Hoe behoort ons te reageer? Die Bybel gee 'n duidelike en oortuigende opdrag. Die apostel Paulus skryf in sy brief aan die Christene in Korinthe: "Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes. Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie. Ek sê dit tot julle beskaming" (1 Korinthiërs 15:33-34). Die boodskap is duidelik: Diegene wat God wil behaag sal nie sluimer nie, maar hulle sal besig wees om aktief voor te berei vir die wederkoms van die Messias, in krag en heerlikheid.

Die boodskap van die Bybel is tyd-sensitief, met 'n gevoel van dringendheid. "En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het" (Romeine 13:11). Namate ons nasie en die wêreld oorhel na wetteloosheid met al die gevolglike probleme, sal dit nodig word om geestelik wakker en ywerig te wees, om die lewensweg wat in die Bybel aangedui word na te streef en om sodoende persoonlike ramp-

spoed te voorkom.

Hierdie bekende tema klink weer op in 1 Thessalonicense 5:5-6: "Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons

is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees".

Wanneer u deur die storm-

agtige dae wat voorlê getrotseer word, onthou die kaptein se woorde aan Jona: "Wat makeer jou dat jy so vas slaap? Staan op, roep tot jou God ...!" **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 7 – God se meesterplan

geestelike oes uit wat God beplan om in te samel – eerstens, die klein lente-oes, uitgebeeld deur die fees van eerstelinge en daarna, aan die **einde** van hierdie tydperk, word die

massiewe herfsoes uitgebeeld deur die fees van insameling.

Na al hierdie dinge mag u wonder watter deel van God se Meesterplan daar nog steeds weggelaat kon wees in die

uitbeelding? Die antwoord word gevind in die sewende en laaste fees wat God aan Sy mense gegee het. Wat gaan gebeur met die onberekenbare **miljoene** mense uit die vorige eeue wat

God se Meesterplan

Sewe jaarlikse feeste

Fees	Levitikus 23	Hebr Kalender	2015
Pasga	vers 5	14 Nisan	3 Apr*
Dae van ongesuurde brood	vers 6	15-21 Nisan	4-10 Apr
Pinkster	verse 15-16	word getel	24 Mei
Fees van basuine	vers 24	1 Tishri	14 Sep
Versoendag	vers 27	10 Tishri	23 Sep
Huttefees	vers 34	15-21 Tishri	28 Sep-4 Okt
Laaste Groot dag	vers 36	22 Tishri	5 Okt

* Onderhou vanaf die vorige aand

nooit enigiets **verstaan** het van die ware God, van Jesus Christus, of van God se *doel* vir hulle lewens nie? Wat gaan

gebeur met hierdie miljoene "ongerredde" mense want "daar is geen aanneming van die persoon by God nie" (Romeine 2:11)?

Die antwoord vind ons in die fees bekend as die Laaste Groot Dag (Johannes 7:37). Hierdie fees beeld die tyd uit wanneer

U kan die Bybel verstaan!

Deur Richard F. Ames

Die Skepper wil hê dat ons die ware weg na 'n suksesvolle lewe en die ewige lewe sal vind. Hy het daardie lewensweg in u Bybel geopenbaar!

Die Bybel is die heel belangrikste boek in die wêreld. Die kans is goed dat u 'n Bybel iewers in u huis het. Die meeste mense weet nogtans baie min van hierdie ongelooflike boek en wat daarin staan. Hierdie boek onthul die geheime van die lewe. Dit onthul die toekoms van die mensdom. Die Bybel kan u ook op baie maniere help, selfs ver bo u grootste verwagtings en drome.

Die Bybel is vir baie mense 'n geheimsinnige boek. Dit is vir hulle soos 'n legkaart wat moeilik is om saam te stel. Indien ons die groot prentjie het, soek ons na ooreenkomste in kleur of vorm. Deur die-toets-en-tref-metode te probeer mag ons 'n klein deeltjie hier en 'n klein deeltjie daar saamstel. Deur volharding kan ons selfs die prentjie voltooi.

Wat is die Bybel dus? Is dit net 'n boek wat geskryf is deur antieke trekkers wat 'n god geskep het na hulle eie beeld? Is dit slegs 'n boek van menslike wysheid om ons denke te stimuleer? Of is die Bybel die geïnspireerde woord van die Skepper-God? Kan die Bybel die groot geheimenisse van die lewe verklaar? Kan die Bybel die toekoms en u potensiele plek daarin voorspel?

Jaar ná jaar is die Bybel die boek wat die meeste in die wêreld verkoop! Dit is die heel

belangrikste boek in die wêreld. U behoort die moed te hê om die Bybel te lees en vir uself te ondersoek! Die kans is goed dat u 'n Bybel op u koffietafel het – of êrens in 'n kas weggebêre. Hoeveel mense lees egter ooit die Bybel? Indien u nie hierdie boek lees nie, kan u die geleentheid laat verbygaan om die mees opwindende inligting en kennis wat die wêreld nog ooit geken het, te wete te kom. Deur die Bybel te lees kan u u denkwyse verbreed!

Miljoene mense regoor die wêreld besit Bybels. Selfs so ver terug as 1950 het 'n geloofwaardige tydskrif berig dat “teen die einde van 1950 (die 500ste herdenking van Gutenberg se uitvinding), meer as twee miljard Bybels en dele van Bybels gedruk is en 25 miljoen sal elke jaar bygevoeg word” (*Antiquarian Bookman Magazine*, 18 November 1950). Volgens die *Princeton Research Centre* besit 93% Amerikaners 'n Bybel en 27% besit vier of meer.

Indien u nie 'n Bybel besit nie, moedig ek u aan om een te koop. Indien u 'n Bybel iewers in 'n kas of laai weggepak het, moedig ek u ook aan om dit te vind en te lees. In hierdie artikel sal ons vyf belangrike voordele in ag neem by die lees en bestudering van die Bybel – vyf maniere waarop die Bybel u kan

help. Ek wil u aanspoor om die lees van u Bybel 'n daaglikse deel van u lewe te maak. Soos Lord Tennyson opgemerk het: “Om Bybel te lees is opvoeding op sigself” (*Halley's Bible Handbook*, bl. 18).

Volgens 'n meningspeiling “sê ongeveer ses uit elke tien Amerikaners (59%) hulle lees die Bybel ten minste per geleentheid ... Die lees van die Bybel het oor die algemeen heelwat gedaal sedert die 1980's – van 73% na 59% vandag. Die persentasie gereelde lesers, dit is diegene wat die Bybel ten minste een keer per week lees, het in die laaste dekade effens gedaal, van 40% in 1990 tot 37% vandag” (*Six in Ten Americans Read Bible At Least Occasionally, Gallup Poll*, 20 Oktober 2000).

Hoe belangrik is die Bybel?

Hoe belangrik is die Bybel in u lewe? Lees u dit ten minste een keer per week? Hoe dikwels lees Amerikaners die Bybel? Gallup berig: “In terme van gereeldheid van Bybel-lees, sê 16% Amerikaners dat hulle die Bybel elke dag lees, 21% sê hulle lees dit weekliks, 12% sê hulle lees dit maandeliks, 10% sê minder as een maal per maand en 41% sê dat hulle dit selde of ooit lees” (*ibid.*).

Hoe belangrik is dit om die

Bybel te lees? Wat sê die Bybel self daaroor? Die apostel Paulus het aan die jong evangelis, Timótheüs, gesê: “Die **hele Skrif** is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Timótheüs 3:16-17). Die Skepper wil hê dat ons die ware weg na 'n suksesvolle lewe en die ewige lewe sal vind. Hy het daardie lewensweg in u Bybel geopenbaar!

Die Bybel is die Woord van God. Diegene wat daarna streef om te leef volgens die Bybel en die lewenswyse beoefen soos geleer deur Jesus Christus en die Skrif, sal wysheid en begrip kry. Jesus sê: “... die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en lewe” (Johannes 6:63). Ons wil almal oorfloedige lewe hê. Jesus sê in Johannes 10:10: “Ek het gekom dat hulle lewe en oorfloed kan hê”.

Ja, u kan die Bybel verstaan en u kan die wonderbaarlike voordele geniet. Kom ons kyk na vyf belangrike maniere waarop die Bybel tot u voordeel kan wees en aan u en u gesin vrede, vreugde en ongelooflike seëninge kan bring.

1. Beter verhoudings met mense

Een van die grootste probleme wat sommige van ons het, is om met ander mense oor die weg te kom. Ons kan moontlik konflik hê met ons baas, met ons man of vrou, met ons kinders of ouers, of met

vriende en familie. Ons argumenteer dalk oor finansies, huishoudelike take, of oorteeveel tyd spandeer op die sosiale media. Kan die Bybel u help om beter met ander mense oor die weg te kom? Ja, dit kan **indien** u die instruksies volg. Onthou u die twee groot Gebooie? Jesus sê: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Mattheüs 22:37-39).

Wanneer u hierdie groot Gebooie toepas, kan u u verhoudings met ander mense verbeter. Nog 'n beginsel waardeur u verhoudings met ander verbeter kan word, is om vergewensgesind te wees. Hoeveel mense klou aan griewe vas? Hulle weier om dit te laat gaan. Hulle wil net nie vergewe nie. Onthou wat Jesus in die modelgebed, wat dikwels die Onse Vader genoem word, geleer het: “... en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe” (Mattheüs 6:12). Bid u op daardie manier? Vergewe u ander mense? Is u geduldig in die omgang met vriende, familie en medewerkers? Die toepassing van hierdie Bybelse beginsels kan help om u lewe dramaties te verander!

2. Ware sukses, vervulling en geluk

Die apostel Johannes haal Jesus aan waar Hy die aandag vestig op die kontras tussen die

weë van die wêreld en die weë van God. “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Johannes 10:10). U kan ware sukses en 'n oorfloedige lewe hê, **indien** u die Verlosser elke dag in al u doen en late erken. Daar is so baie wonderlike Bybelse beginsels wat aan ons ware sukses beloof. Die apostel Paulus sê: “Ek is tot **alles** in staat deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:13). Let ook op na hierdie sleutel tot God se seën: “Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak” (Spreek 3:5-6).

God beloof om ons **elke dag** op die pad na lewe en sukses te lei **indien** ons Hom erken. 'n Beginsel vir leiding is dat ons behoort te bid oor alles wat ons bekommerd en besorgd maak en ons raak! Die apostel Paulus sê aan ons dat as ons God erken in **al** ons weë, Hy ons paaie gelyk sal maak (Filippense 4:6).

Daar is 'n oorsaak vir elke gevolg. Die Bybel gee aan ons die ware beginsels vir sukses. Ons behoort na die egte waardes van die lewe te soek, nie die vleeslike, selfsugtige, wellustige waardes nie. Koning Dawid was 'n man na God se hart (Handelinge 13:22). Let op na sy advies met betrekking tot ware sukses: “Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy

behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag" (Psalm 1:1-2).

Kyk wat die gevolg van die oordenking van God se Wet en Sy manier van lewe is: "En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit" (Psalm 1:3). *Dit* is ware sukses in die lewe.

Daar is baie meer opwindende beginsels vir 'n suksesvolle lewe in u Bybel. Lees net die Bergpredikasie in Mattheüs 5, 6 en 7. Lees die Spreuke van Salomo. U kan suksesvol, gelukkig en in oorfloed leef.

3. Die lewe se ware betekenis en doel

Die uiteindelijke doel van die menslike lewe is om 'n persoonlike verhouding met God te hê! Dit is 'n diepgewortelde waarheid! Dink daarvoor na! Die Skrif openbaar dat hierdie verhouding 'n liefdevolle gesinsverhouding is.

God het die menslike gesin geskep en Hy wil hê dat u deel van Sy **Goddelike** huisgesin sal wees. Die apostel Paulus skryf: "Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke **geslag** in die hemele en op die aarde sy naam ontvang" (Efesiërs 3:14-15). Ja, God is die Vader van 'n huisgesin en Hy wil hê dat u deel van 'n skeppende gesin sal word, om wonderlike geleenthede en vreugde tot in alle ewigheid te ervaar! Ja, u Bybel kan u help om u uitein-

delike roeping te begryp.

Hoe word ons kinders van God? Ná bekering en doop in die naam van Jesus Christus, ontvang ons die gawe van die Heilige Gees (Handelinge 2:38). Ons word dan God se verwekte kinders, soos die apostel Jakobus dit beskryf: "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Volgens sy wil het Hy [die Vader] ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees" (Jakobus 1:17-18).

4. Die lewenswyse, ná die dood

Een van die mens se grootste bekommernisse is dat almal van ons wat nou leef, uiteindelik sal sterf. Diegene wat die openbaring en waarheid van God verwerp, het geen hoop vir die toekoms nie. Die Bybel onthul egter die waarheid van lewe ná die dood. Kyk wat die apostel Paulus aan die jong evangelis, Timótheüs, skryf. Let op juis hoe belangrik die Bybel vir ons ewige lewe is: "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Timótheüs 3:14-15).

Waarom het ons "verlossing" nodig? Elke mens sal sterf! Ons moet almal van die ewige dood gered word! Ek en u het

verlossing nodig. Ons benodig vergifnis van ons sondes. Waarom? Omdat sonde die ewige dood meebring. Die Skrif sê aan ons: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). Wat ons deur ons sondige lewe **verdien** is die **dood**. God het egter 'n Verlosser na die wêreld gestuur, naamlik Jesus Christus. Hy het vir ons sondes betaal deur Sy gestorte bloed. **Indien** ons dus die Verlosser se opdragte volg, kan ons sondes vergewe word. Soos Jesus Self gepreek het: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:15). Die apostel Petrus dring by sy luisteraars aan: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Die Bybel is in staat om deur Christus Jesus aan u wysheid tot **saligheid** te gee. Daar sal 'n glorieryke lewe anderkant die dood wees, wanneer getroue Christene vir Christus sal bystaan om blywende vrede tussen alle nasies in die Koninkryk van God tot stand te bring. U kan daar wees, in die wêreld van môre, indien u eerstens die Koninkryk van God soek en indien u uitsien na die heerlike opstanding soos beskryf in die opstandingshoofstukke, 1 Korinthiërs 15 en 1 Thessalonicense 4.

5. Die Bybel help ons om vir die toekoms voor te berei

Bybelprofesie onthul hoe God sal ingryp in wêreldsake. Dit gee aan ons die goeie nuus van die mensdom se uiteindelijke bestemming. Ons het reeds gesien dat God se doel is om ons voor te berei vir Sy Koninkryk hier op aarde! Ware Christene sal vir 'n duisend jaar as konings en priesters saam met Christus regeer. Ware Christene sal met die opstanding verander word en in die Koninkryk van God gebore word. Dit kan u toekoms wees. Let op hierdie glorieryke gebeurtenis wanneer Christus terugkeer. Die apostel Paulus skryf van die opstanding wanneer ware Christene

erfgename sal word van die Koninkryk van God en wanneer ons sal verander word van sterflikheid na onsterflikheid. "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" (1 Korinthiërs 15:50-52).

Wat 'n heerlike toekoms wat God aan ons belowe! Met die

opstanding sal ons onsterflik word. Soos die apostel Paulus skryf: "Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is, en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning" (1 Korinthiërs 15:53-54).

God wil hê dat ons almal in alle ewigheid deel van Sy huisgesin sal wees. U behoort te weet wat die toekoms vir u inhou. U behoort u Bybel te bestudeer en meer te leer. **W&M**

Die Bybel: Feit of fiksie?

Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Môre se Jeug

Dink voor jy ink!

Deur Phil Sena

Ek onthou dat ek as tiener getuie was van 'n verstommende verskynsel in die middel van die 1970's. 'n Ondernemende Kaliforniese adverteerder het, wat hy "die volmaakte troeteldier" genoem het – die Troetel-Klip – bemark en verkoop. Verpak in 'n klein kartondosie, vol gaatjies vir asemhaling, was 'n gewone klip genestel in strooi. Elke klip is met sy eie "geboortesertifikaat" uitgereik asook 'n handleiding: *Die versorging en opleiding van u Troetel-Klip*, waarin instruksies was van hoe om jou klip te leer om te "bly", "om te rol" of "dood te speel".

Troetel-Klippies het baie gewild geword in die laaste maande van 1975 en het hulle skepper 'n miljoenêr gemaak, maar die gier het vroeg in 1976 tot 'n einde gekom, namate die verkope dramaties afgeneem het.

Dit is die patroon van 'n gier, wat die HAT, Vyfde Uitgawe 2005) definieer as "'n sterk begeerte, drang of drif". Dit is 'n praktyk of belangstelling wat vir 'n tyd lank met oordrewe ywer nagevolg word. Hierdie definisie beskryf akkuraat ook baie ander gebruike wat op 'n golf van gewildheid ry, maar uiteindelik hulle momentum verloor.

Giere is altyd met ons

Die waarheid is, giere kom

te alle tye voor. So moeilik as wat dit is om te glo, is daar tans gewilde vermaak-kunstenaars, mode-tendense en televisie-programme wat eendag uit die mode sal wees. Gedurende die Troetel-Klip era was ek geklee in 10 cm-hoë platformskoene en 'n poliëster sweetpak, met 'n goue ketting om my nek! Ek kan u verseker dat ek nie meer sulke klere dra nie.

Nog 'n werklikheid in verband met giere is dat sommige van hulle, soos Troetel-Klippe en sweetpake, geen blywende negatiewe gevolge het nie. Ongelukkig het sommige giere egter wel 'n langtermyn uitwerking, wat vir die res van ons lewens by ons kan bly en selfs blywende berou bring aan diegene wat daaraan deelgeneem het.

Dink maar aan die onlangse oplewing en belangstelling in die ou praktyk van tatoeëring. Vir baie jare lank het tatoeëermerke 'n negatiewe konnotasie gehad, omdat dit oor die algemeen geassosieer was met matrose, motorfietsryers en bendeledede. Meer onlangs het 'n 2012-meningspeiling egter bevind dat soveel as een uit elke vyf (21%) volwassenes in die Verenigde State ten minste een tatoeëermerk het – dit is 'n skerp styging van die 14% teenoor wat in 2008 gerapporteer is (*The Harris Poll*, 23 Februarie 2012). Ink het so

allegaags geword, dat dit nie ongewoon is om oumas te sien wat met tatoeëermerke spog nie! Eerder as subtiele, maklik versteekbare tekens, gaan baie mense deesdae na die salon om groot dele van hulle liggame met ingewikkelde en minderwaardige "liggaamskuns" te bedek.

Maak u merk?

Merke wat op die vel gedoen is word in baie verskillende beskawings beoefen en dateer terug tot ten minste so ver as 3,000 v.C. (*Tattoos: The Ancient and Mysterious History*, *Smithsonian.com*, 1 Januarie 2007). Die redes waarom mense tatoeëermerke laat aanbring, blyk so talryk as hulle kulture te wees en dien as maniere "om beskermende of terapeutiese simbole op die liggaam aan te bring, sowel as 'n wyse om mense te onderskei vir toepaslike sosiale, politieke of godsdienstige groepe, of bloot as 'n vorm van self-uitdrukking of 'n mode-standpunt" (*ibid.*).

Deesdae sê dié wat ge-ink is dikwels dat hulle tatoeëermerke hulle oulik, aantreklik, sterk of spiritueel laat voel (*The Harris Poll*, 23 Februarie 2012). Daar bly egter 'n element van kulturele uittarting verbonde aan tatoeëermerke. Hierdie selfde peiling berig dat 25% van die respondente sê hulle voel

opstandig wanneer hulle tatoeëermerke het – die helfte van diegene sonder 'n tatoeëermerk beskou mense met tatoeëermerke as meer opstandig.

Hierdie bevindings lei tot 'n belangrike persoonlike vraag vir diegene wat daaraan dink om onder die naald te gaan: “Wat is my motivering?” Mense kan hulle begeertes maklik goedpraat en hulle bied baie redes aan waarom hulle tatoeëermerke wil hê. Is hulle begeertes regtig hulle eie, of swig hulle voor groepsdruk om “in te pas” by die groep of om “cool” te wees deur 'n tatoeëermerk te hê?

Richard Sawdon Smith, 'n professor aan die Departement Kuns en Media aan die Londense Southbank Universiteit – wat self tatoeëermerke het – slaan die spyker op die kop wanneer hy verduidelik waarom baie mense tatoeëermerke het: “Dit is eintlik byna soos 'n manier om myself te bemagtig deur te sê: 'Dit is my liggaam en ek is in beheer daarvan'” (*Would you hire a tattooed employee?*, BBC Newsnight, 4 September 2013).

Ja, tatoeëermerke is 'n kragtige persoonlike verklaring en hulle verkondig 'n “ek eerste”-gesindheid wat nie omgee om jou “in die gesig te vat” deur te wys hoe trots hy of sy op hulle

eie liggaam is, vir almal om te sien nie. Vir diegene wat God volg is die benadering van “myself eerste” presies die teenoorgestelde as die uitgaande besorgdheid teenoor ander mense, wat God se liefde omskryf. Die apostel Paulus skryf: “... die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie ...” (1 Korinthiërs 13:4-5). Daardie soort liefde is nie wat die meeste mense assosieer met 'n tatoeëermerk nie!

Dit is nie ook net 'n Nuwe-Testamentiese perspektief nie. Lank gelede het God Sy mense beveel: “Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. Ek is die HERE” (Levitikus 19:28). As die ontwerper van die menslike liggaam, verklaar God dit as “baie goed” nadat Hy die man en vrou geskep het – sonder tatoeëermerke (Genesis 1:31)!

Dink aan die gevolge

Nie lank gelede nie het 'n man in trane na my gekom en sy berou beskryf oor die tatoeëermerke wat albei sy arms bedek. Hy was geklee in 'n langmouhemp, te skaam om, wat hy die “bose” merke genoem het, aan

my te wys; dit wat hy eens op 'n tyd gedink het “wonderlik” was. Hy was baie jonger toe hy sy tatoeëermerke gekry het en het onlangs van gesindheid verander. Hy het ondersoek ingestel na dienste om die tatoeëermerke te verwyder, maar die koste sou duisende dollars bedra en nie heeltemal effektief wees nie. Hierdie dilemma was die rede vir sy trane.

Baie mense wat tatoeëermerke kry wanneer hulle jonk is, vind later uit dat hulle nie maklik 'n goeie werk kan kry nie, aangesien baie werkgewers nie werknemers in diens wil neem met opsigtelike tatoeëermerke nie. Sommige mense kan die koste en die pyn van tatoeëermerk-verwydering bekostig, maar ander het geen keuse nie as om met die sigbare bewyse van 'n besluit wat hulle later berou het, saam te leef (*Teenagers get rid of their tattoos—and start a new life*, BBC News, 14 Augustus 2013).

Gelukkig is al hierdie dinge onnodig vir diegene wat wys genoeg is om verby die huidige gewildheid van 'n gier te kyk en te konsentreer op hulle toekoms: “'n Skrandere mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf” (Spreekwys 22:3). **WVM**

Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org

God se Meesterplan

Betekenis van die feeste

Ou Testament	Nuwe Testament
Pasga	
Bloed van offerlam gesmeer rondom deure van Israeliete se huise. God het hulle oorgeslaan toe Hy Egiptiese eersgeborenes laat sterf het (Levitikus 23:5)	Beeld Christus se bloed uit wat gestort is vir die mensdom se sondes
Dae van ongesuurde brood	
'n Sewedag fees waartydens suurdeeg uit wonings verwyder word en nie geëet word nie (Levitikus 23:6-14).	Beeld die Christen se plig uit om af te sien van sonde in 'n lewe gewy aan Christus
Pinkster	
Feesdag ter viering van eerste en kleinste van 2 jaarlikse oeste, gevier 50 dae na vasgestelde punt in vorige fees (Levitikus 23:15-22)	Beeld uitstorting van Heilige Gees oor Christene uit
Fees van basuine	
Rosh Hashana vir Jode; dag van vreugde, gekenmerk deur die blaas van basuine (Levitikus 23:23-25)	Beeld 'n tyd van oorloë en plaë uit wat eindig met Christus se wederkoms
Versoendag	
Dag van vas en verootmoediging vir Jode <i>Yom Kippur</i> (Lev. 23:26-32)	Beeld binding van Satan uit aan begin van Millennium en 'n wêreld wat een word met God
Huttefees	
Sewedaagse onderhouding van groot herfsoes, terwyl in tydelike huisvesting gewoon word vir duur van fees (Levitikus 23:33-43)	Beeld Millennium uit wanneer Christus en die heiliges oor die aarde sal heers
Laaste groot dag	
Volg direk na huttefees maar hierdie agtste dag is 'n aparte fees (Levitikus 23:36, 39)	Beeld die "Wittroon Oordeel" uit waartydens almal wat nie voorheen geroep is nie, hulle kans sal kry om die Ware Evangelie te hoor en gered te word

Vrae & Antwoorde

Is daar 'n verskil tussen 'n vergadering en 'n samekoms?

VRAAG: In Mattheüs 18:20 het Jesus aan Sy volgelinge gesê, "... waar daar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde". Beteken dit dat individuele Christene hulle eie plekke van aanbidding kan bepaal op die jaarlikse Heilige Dae en die weeklikse Sabbat?

ANTWOORD: Om hierdie vers te verstaan, moet ons dit binne konteks lees. Verse 18-19 toon dat die onderwerp onder bespreking die gesag van die bediening is om bindende besluite te neem in verband met aangeleenthede van konflik en nie individuele Christene wat saamkom nie. Selfs die uitdrukking "... in My Naam" impliseer dat die byeenkoms daar is om Christus te verteenwoordig. Wat sê die Skrif aan ons oor Christene wat op die Sabbat en jaarlikse Heilige Dae bymekaar kom om te aanbid?

Christene moet nie hulle onderlinge byeenkoms nalaat nie (Hebreeërs 10:25). Dit is 'n algemene beginsel, maar is veral van toepassing op dae van aanbidding.

Ons behoort te aanbid op dae wat God "heilig" gemaak het (Levitikus 23). Ons word aangesê om te aanbid op die plek wat deur God gekies is (Deuteronomium 16:15-16). 'n Skaapwagter se kudde kan hulle nie self voed nie en God se mense behoort te vergader waar Hy gekies het om hulle te voed. Diegene wat om een of ander rede nie saam met ander Christene kan vergader nie, moet ten minste seker maak dat hulle gevoed word deur God se Woord, deur middel van die voeding wat Hy voorsien.

Die Sabbat en die jaarlikse Heilige Dag-byeenkomste behoort heilige "samekomste" te wees (Levitikus 23).

Mense verstaan dikwels die woord "samekoms" verkeerd en dink dat dit net 'n ander woord is vir "vergadering". Let egter op na die definisie van "convoke [saamroep]", soos in die *Webster's New Collegiate Dictionary*: "To call together to a meeting" [om saam geroep te word vir 'n vergadering]. Hierdie woordeboek lys die volgende sinonieme: oproep, roep, aanhaal, saamroep, bymekaarroep, versamel wat beteken dat "teenwoordigheid vereis word". Met ander woorde iemand moet die sameroeping, of bymekaarroeping, van die vergadering reël. Aan wie het God dan die gesag verleen om so 'n samekoms te reël, aangesien dit 'n heilige samekoms is?

Die Hebreeuse woord wat regdeur Levitikus 23 vertaal word as "samekoms" is *miqrā*. Dit beteken

letterlik "oproeping tot 'n vergadering" of "vergadering van persone wat daartoe opgeroep is" (HAT, Vyfde uitgawe 2005). Die *Theological Wordbook of the Old Testament* sê die volgende oor die woord *miqrā*: "Die algemeenste betekenis is voorbehoud vir die sewe spesiale samekoms sabbatte ... Sulke dae (asook die weeklikse Sabbat) het 'n formele oproep ingesluit vir mense om te aanbid, deur die geblaas van ramshoring of basuine".

Ons sien dat die betekenis daarvan verder uitgebrei word wanneer ons lees: "Dit is die feestey van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd" (Levitikus 23:4). Die woord "uitroep" is vertaal uit die Hebreeuse woord *miqrā*, wat vertaal kan word as "saamroep" in die sin van byeenroep en kom ongeveer 80 keer met hierdie betekenis in die Skrif voor.

God werk altyd deur Sy bediening – dit is óf deur die priesterdom in die Ou Testament óf die ingeseënde bediening in die Nuwe Testament. Dwarsdeur die Skrif was dit **nooit** aan individue oorgelaat om self te besluit wanneer en waar die heilige byeenkomste gehou moes word nie. Dit is vandag steeds so, die bediening roep ons om saam te aanbid en kondig die betrokke plek van samekoms aan.

Daar is sekerlik geleenthede wanneer 'n persoon nie in staat is om na 'n aangewese vergaderplek te reis nie, maar God maak voorsiening daarvoor. 'n Vrou kan byvoorbeeld as gevolg daarvan dat sy geboorte skenk nie in staat wees om na die Huttefees te reis nie. God sê dat ten minste al die mans moet gaan (Deuteronomium 16:16). God is 'n God van liefde en deernis en verwag nie van Sy mense om te reis wanneer hulle siek is of ongesteld is nie.

Dieselfde beginsels geld vir die weeklikse Sabbat. Indien iemand te ver van 'n heilige samekoms woon, kan God se leraars reëlings tref sodat die verafgeleë gemeentelede klank- of videokopieë van preke of eredienste ontvang, of dit moontlik maak deur die telefoon of die Internet. Dit is uiters belangrik dat ons die Bybelse patroon onthou – dit is God se bediening, nie dié van die individuele gelowige nie, wat daartoe gemagtig is om die plek van aanbidding te bepaal. **WVW**

Die Werke van

Die wonder van die menslike hand

Regoor die wêreld is museums ingerig om van die mensdom se grootste kunswerke te bewaar. By die Louvre in Frankryk kan 'n mens deur die sale stap en die talent van Leonardo da Vinci in die gesig van die Mona Lisa ontdek en die vaardigheid van Michelangelo in die gelaatstrekke van sy beroemde stand-beeld van Dawid. In die *Smithsonian Institution's Air and Space Museum* in Washington, DC, kan 'n mens voorbeelde van die beste prestasies wat deur die mensdom in die ingenieurswese vermag is, sien.

Tog kan daar geen kunswerk, geen wonderliker vervaardigde toestel as die eenvoudige menslike hand wees nie. Dit mag baie maklik wees om die hand as vanselfsprekend te aanvaar, maar dit is 'n wonder van ontwerp en verteenwoordig die werk, talent en denke van 'n wonderbaarlike ontwerper.

Sir Isaac Newton – 'n geleerde, wiskundige en een van die grootste wetenskaplike denkers in die mensdom se geskiedenis – het inderdaad opgemerk: “In die afwesigheid van enige ander bewys, sou net die duim alleen my van God se bestaan oortuig”.

Omdat ons dit elke dag gebruik, dink ons dalk nie die hand is so merkwaardig nie. Ons het immers tog daarmee

grootgeword. Dit is saam met ons en voldoen elke dag aan ons behoeftes. Ons gebruik dit om ons koffie te drink, om iemand op ons selfoon te skakel en om ons skoenveters vas te maak. Ons kan ons hande met iemand anders s'n vergelyk en besluit ons s'n is te klein of te groot, te fyn of te grof.

Die anatomiese feite en getalle alleen is egter genoeg om ons te laat nadink. 'n Normale menslike hand is saamgestel uit 29 beentjies, 29 gewriggies en meer as 100 ligamente, 35 spiere en 'n ontsaglike netwerk van senuwees en aartjies. Net die beheer van die duim alleen, vereis nege afsonderlike spiere en die gelyktydige poging van drie belangrike senuwees in die hand.

'n Ingewikkelde werktuig

Hierdie getalle op sigself is nie wat die hand so verstommend maak nie. Wat ons veral laat dink aan die vernuf van die hand se ontwerp, is *wat ons in staat is om met* daardie beentjies, gewriggies, ligamente, spiere en senuwees *te doen*.

Die vermoë van die menslike hand is verstommend in sy bekwaamheid om na willekeur 'n skynbaar oneindige hoeveelheid vorms en strukture reg te kry deur die gebruik van sy

behandige vingers. Ongeveer 'n kwart van die gedeelte van die brein wat toegewys is aan beweging, word gewy aan beheer van die bewegings van hierdie voortreflike toestel alleen. Die besondere kombinasie van krag, buigsaamheid, behendigheid en fyn ingestelde motoriese beheer wat vertoon word deur ons twee hande, is ongeëwenaard in die geskape wêreld.

Terwyl baie spiere saamwerk om ons hande te laat beweeg, is dit opmerklik dat – vir al die fantastiese bewegings wat ons vingers kan maak – die vingers self *geen spiere het nie!* Ons vingers word afsonderlik beweeg – met die fynste beheer en sensitiwiteit – deur senings wat deur hulle geryg is en aan spiere geheg is, wat tot in die *voorarm* strek! Die senings in samewerking met die spiere van die hand word getrek soos die toue van 'n marionet in 'n ingewikkelde, gekoördineerde dans – om die groot verskeidenheid bewegings uit te voer waartoe ons hande in staat is.

Die hande is meer as net 'n manier om die wêreld rondom ons te *manipuleer* – hulle is kragtige sensoriese sintuie, wat ons gebruik deur ons gevoel van aanraking en *om te leer van die wêreld* rondom ons.

Sy Hande

Die vingerpunt

Die menslike vingerpunt is byvoorbeeld 'n sensoriese (gevoels-) toestel met 'n ongelooflike vermoë vir ontdekking – met 'n sensitiwiteit wat die beste menslike ingenieurswese nou eers kan begin ewenaar op die gebied van robotika. Onlangse studies het getoon dat ons vingerafdrukke – unieke patrone op ons vingerpunte – baie meer behels as 'n metode om misdadigers mee te identifiseer. Hulle vermeerder grootliks die vinger se vermoë om sensasie te ervaar deur die hoeveelheid inligting wat na ons brein gestuur word wat betref die tipe oppervlaktes wat ons aanraak en verken. Selfs die vingernael – 'n skynbaar “doeie” weefsel-massa – is 'n fyn ingestelde sintuiglike instrument en dra selfs die fynste drukkings en bewegings oor aan 'n netwerk senuwees in die naelvelletjie en naelbed. Dit stel die brein in staat om 'n akkurate beeld te skep van dit wat die vingernael aanraak.

Dit is dan geen verrassing dat die skepping van 'n mensgemaakte kunsmatige hand een van die mees ontsagwekkende ontwerpers-uitdagings vir robotika-ingenieurs is nie. Die menslike hand weerspieël 'n wonder van ontwerp en ingenieurswese. Neem in ag dat

dieselfde hand waarmee 'n grofsmid sy hamer kan vashou om dit met kragtige dryfkrag te swaai, ook sag en sensitief genoeg is om die teenwoordigheid van 'n enkele menslike haar op 'n gladde oppervlak te voel en om dit op te tel. Die hand is in staat om 'n waterdigte bakkie te vorm om 'n slukkie water uit 'n bergstroom te skep, of om toe te vou in 'n stywe vuis wat as slaanding gebruik kan word. Dit is selfs behendig en sensitief genoeg om met toe oë skoenveters te knoop. Dit is 'n “veel-doelige werktuig”, buigsaam en geskep om 'n onbepaalde aantal take te verrig – iets wat geen menslike konstruksie nog ooit naastenby kon ewenaar in sy eenvoud en krag nie!

Die menslike hand is tot merkwaardige behendigheid van krag en uithouvermoë in staat. Dit dien as die bergklimmer se grootste enkele stuk gereedskap en is sterk genoeg om die liggaam se volle gewig vir 'n tydjie te dra deur die krag in die vingers alleen. Dit kan nogtans net so goed die liefde van 'n pasgebore baba se moeder en vader oordra deur middel van die sagste streling en aanraking.

Die vingers is sterk, duurzaam en stewig en kan een van die mees bekwame en gedugte grepe van enige wese op aarde vorm. Tog het hulle die vermoë

om rats en kunstig behendig te wees, in staat om 'n oënskynlik oneindige hoeveelheid formasies te vorm, tot so 'n mate dat volledige tale, soos gebaretaal opgebou kan word weens hulle buigsaamheid.

Die werk van God se denke

Hoewel dit so maklik is om dit as vanselfsprekend te aanvaar verteenwoordig die menslike hand 'n wonderbaarlike prestasie van die denke van 'n liefdevolle, besorgde God – 'n onaantasbare bewys van Sy kunstigheid en ingenieursvaardigheid, beskikbaar en heel letterlik, altyd byderhand.

Byna drie-duisend jaar voordat Newton hom verwonder het aan die goddelike ontwerp van die menslike duim, het koning Dawid van antieke Israel die soort sentimente verstaan. Moontlik het hy nagedink oor die vlak van ontwerp wat hy in sy eie menslike liggaam gesien het – hy kon moontlik selfs na sy eie merkwaardige hand gestaar het – toe hy opmerk: “*Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed*” (Psalm 139:14).

Inderdaad, wonderlik is Sy werke. Ons is werklik uiters wonderbaar gemaak!

—Wallace G. Smith

Vervolg vanaf bladsy 15 – God se meesterplan

God vir die **eerste** keer die denke van miljoene mense sal open om Sy Woord te verstaan en om aan hulle 'n ware geleentheid te gee om hulle name geskryf te kry in die “boek van die lewe” (Openbaring 20:11-12).

Hierdie Godgegewe, Godgeïnspireerde feeste openbaar die **manjifieke** plan van God – vanaf ons eerste aanvaarding van Christus as Verlosser, tot met die uitbeelding van Sy wederkoms, dwarsdeur tot by die laaste groot dag, wat die tyd uitbeeld wanneer **alle** mense uiteindelik 'n ware geleentheid tot redding sal hê. Die heidense godsdienstige feeste wat Satan

aan 'n misleide mensdom afgesmeer het, is inderdaad 'n goedkoop plaasvervanger. In werklikheid beeld dit 'n valse beeld van God en 'n valse Christus uit en lei dit tot die aanvaarding van 'n valse evangelie wat direk in stryd is met die ware boodskap wat Christus en die Apostels verkondig het!

God se kalender word VANDAG onderhou!

Die **sewe** godsdienstige feeste wat deur die Almagtige God aan Sy mense beveel is, beeld werklik die Meesterplan uit wat God hier benede uitwerk. Indien u graag *meer* aangaande

hierdie feeste *wil leer* en die besonderhede en volledige beskrywing daarvan in die Bybel *aan uself* wil bewys asook hoe om dit te onderhou, maak seker dat u dadelik aan ons skryf of ons skakel en u *gratis* kopie van ons waarlik inspirerende en insiggewende boekie, *Die Heilige Dae – God se Meesterplan*, aanvra. Hierdie boekie sal werklik “u oë oopmaak” vir die **waarheid** wat baie min bely-dende Christene op aarde verstaan. Satan die duiwel het inderdaad **sy** “meesterplan” en hy **mislei** “die **hele wêreld**” volgens u Bybel (Openbaring 12:9). **WvM**

Die ware God: bewyse en beloftes

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense *werklik* nie?

Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie sal ons die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek en sewe bewyse bestudeer wat die ware God sal onthul.

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

nasies van Britse afkoms *dophou*, **word** asseblief **wakker!** Verstaan dat namate die voorspelde “terrorisme” toeneem, namate “verterende siektes” soos VIGS en **kanker** ons mense al hoe meer vernietig en namate ons nasionale mag en prestige aanhou om afwaarts te tuimel, bly die grote God – *die God van die Bybel* – leef! Indien ons die Bybel “uitwis” uit ons eie verstand – indien ons nie tot opregte individuele en nasionale **bekering** kom nie – dan sal die God van die Bybel ons God-verwerpende, opstandige en uitermate sedelose samelewings **uitwis!**

God het ons volke tog gewaarsku teen die verskriklike **gevolge** van opstand teen hulle Skepper en Sy opdragte, onder andere: “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees” (Deuteronomium 28:43-44).

Tugtiging en verandering vorentoe!

Word asseblief **wakker!** Dit is **werklik**. Dit begin **nou** *u lewe* en die lewens van u vriende, kinders en kleinkinders beïnvloed.

Namate die vleeslike mensdom probeer om die Bybel “**uit te wis**” en om die diepe respek wat die mensdom vir God en Sy geïnspireerde Woord behoort te hê te vernietig, sal die **ware God** ons hele opstandige samelewing “tugtig”. Hy sal binnekort die God-verlatende en Godverlate samelewing *vervang* met die Koninkryk van God! Die geïnspireerde apostel Petrus het gesê dat die grote God binnekort “... Hom ... stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang *tot op die tye van die wederoprigting* van **alle** dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete” (Handelinge 3:20-21). 'n Algehele *nuwe samelewing* sal tot stand kom met die wederkoms van Jesus Christus as Koning van

die konings, om te **heers** oor die nasies *hier op hierdie aarde* (Openbaring 5:10).

Die Tien Gebooie sal die werklik grondliggende beginsels word vir die volmaakte regering onder Jesus Christus. Mense sal leer om diepe agting en **eerbied** vir hulle ouers te hê – dit is die vyfde gebod. Hulle sal **nie** owerspel pleeg of die normale gesin op enige wyse deur **perversie** of ander maniere opbreek nie. Gesinne sal sterk wees en ouers sal hulle kinders leer om die weë van God **lief** te hê, **hoe** om God lief te hê en **hoe** om ander mense wat na die beeld van God geskape is lief te hê. Die mensdom sal dan waarlik **verstaan** dat Jesus Christus dit regtig bedoel het toe Hy gesê het: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke** woord van God” (Lukas 4:4).

Opstandige mense mag probeer om God se Woord uit te wis, maar hulle sal uiteindelik misluk! In plaas daarvan sal die Almagtige God **alle** menslike samelewings en nasies wat **Hom teenstaan, uitwis**. Hulle wat Sy gebooie “verag” en wat selfs nou oor miljoene mense 'n ongelooflike mate van wanhoop, lyding en oënskynde hopeloosheid bring.

Christus en die Bybel geregverdig!

Waar die toekomstige en *werklike* Koninkryk of **Regering** van God onder Jesus Christus beskryf word, sê u Bybel: “Hy sal aan die ellendiges van die volk reg verskaf, die kinders van die behoeftige verlos en die verdrukker verbrysel ... Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien. Want hy sal die behoeftige red wat daar roep om hulp, en die ellendige en wie geen helper het nie. Hy sal hom ontferm oor die arme en behoeftige, en die siele van die behoeftiges sal hy red. Hy sal hulle siel verlos van verdrukking en geweld, en hulle bloed sal kosbaar wees in sy oë” (Psalm 72:4-14).

Is u besig om voor te berei vir daardie wonderlike tyd waarvoor daar geprofeteer is?

Bestudeer u u Bybel? Indien u graag persoonlik die God van die Bybel werklik wil ken en Sy ware seënige en beskerming wil hê in die tye wat voorlê, versoek ek u om nou op te tree! Het u al ingeskryf vir ons absoluut gratis *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus*? Indien nie, moedig ek u aan om dit te doen. Beywer u om gereed te wees vir

die dag van Christus se wederkoms en *mag God daardie dag bespoedig!*



Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, kanaal 263 op DStv.

Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**